**Johan Claassen Broers**

(EDMS.) BPK.
Telefoon 3612
POTCHEFSTROOM

MANS-, SPORT- EN KINDERUITRUSTERS

**die WAPAD**

*Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*

**A. VORSTER APTEEK**

Octron-gebou, Lombardstraat.

*VIR VINNIGE AFLEWERING*

SKAKEL 7074.

JAARGANG XXIII | DONDERDAG 26 SEPTEMBER 1968 | Nr. 20.

# VOLK TE GRONDE OOR GEBREK AAN KENNIS: OUD-REKTOR

**Die vorige rektor, prof. J. C. Coetzee, het verlede Woensdagaand by Korps Veritas Vincet gesê: „my volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir my priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet". (Hos. 4:6).**

Prof. Coetzee het beklemtoon dat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus as hy die hele skrif glo. (II Tim. 3:17)

Voorts het hy gesê dat die mens voor die sondeval geen toerusting nodig gehad het nie, want hy was volkome toegerus. Dit dui op die noodsaaklikheid van die toerusting.

Die doel van die volkome toerusting van die lewenstaak is tweërlei van aard, nl. dat die toerusting te werwesenlik die beeldherstel in die mens plaasvind.

**ANKERS**

Die spreker het gesê dat die mens na vyf ankers moet soek. Die mens moet soek na die Skrif as gesag in die opvoeding, want die gesag van die mens is geen anker nie. Verder moet ons soek na die beginsel en dit is dat die mens kan ken, die opvoeding moet begin by die Skrif en die toppunt van die opvoeding by die Universiteit bereik word, terwyl dit lank voor die tyd al begin het. Nog 'n anker is dat die mens met die skepping kan werk, maar dat die feite wat ontdek word nie met die Woord bots nie. Ons laaste anker is dat ons opdrag, roeping en taak moet aanvaar.

Prof. Coetzee het afgesluit deur te sê dat 'n mens toegerus is vir sy lewenstaak as hy die Woord ken. Daarvoor moet ons ons aan hierdie universiteit bekwaam.



**Die rektor, prof. H. J. J. Bingle, aan die woord tydens die dinee wat verlede Donderdagaand deur 'n groot tabakmaatskappy vir die uittredende en nuwe studenteraad aangebied is. Heel links sit mnr. Callie Coetzee, S.R.-voorsitter, en derde van links mnr. H. A. Labuschagne, inligtingsbeampte van die P.U. — Foto: Fotokuns.**

# Taalhandhawers gebruik Puk-jaarblad se naam

**DIE GENOOTSKAP vir die Handhawing van Afrikaans het, terwyl hulle bewus daarvan was dat die P.U. 'n studentejaarblad met die naam Die Besembos uitgee, besluit op die naam vir hulle driemaandelikse nuusbrief. Hierdie feit het aan die lig gekom uit korrespondensie wat die Publikasiekomitee van die vorige Studenteraad met die voorsitter van hierdie liggaam, dr. H. J. Terblanche, gevoer het.**

Aan die begin van die jaar het ds. W. F. Venter van Pretoria, 'n oud-Puk die Studenteraad se aandag gevestig op die publikasie van GHA. Die Publikasiekomitee het daarop 'n brief aan dr. Terblanche gerig, die feite aan hom gestel en hom versoek om aandag aan die saak te gee.

**ARGUMENTE**

Op 14 Maart het dr. Terblanche in sy antwoord o.a. soos volg geskryf: „Toe ons hom 'n naam gegee het, was ons bewus van die bestaan van u blad, maar ons het nogtans daarop besluit. Ek wil nie die argumente herhaal nie, maar u sal toegee dat niks beter as so 'n naam by die GHA se nuusbrief pas nie."

Dr. Terblanche sluit sy brief af deur die hoop uit te spreek dat die Publikasiekomitee die GHA sal propageer, en versoek die komitee om die GHA onder die studenteraad se aandag te bring.

Na ontvangs van dr. Terblanche se brief het die Publikasiekomitee regsadvies oor die saak ingewin. Dit blyk egter dat outeursreg nie op die naam van 'n publikasie verkry kan word nie. Daar bestaan egter 'n moontlikheid om die naam as handelsmerk te registreer.

Die saak geniet tans die aandag van die huidige Publikasiekomitee.

**AFGEROL**

**By sy brief het dr. Terblanche een van die GHA se Besembosse ingesluit. Dit bestaan uit ses afgeroide foliogrootte bladsye plus 'n aanhangsel van agt bladsye oor die geskiedenis van die Afrikaanse taal. Op die voorblad van Die Besembos staan dat die inhoud vertroulik en net vir lede bedoel is.**

## Bedankings

**Aan die einde van hierdie jaargang van Die Wapad betuig ek graag my dank teenoor die volgende persone of groepe.**

**In die eerste plek aan die redaksie, wat sonder uitsondering puik diens gelewer het en dikwels kosbare tyd en kragte aan Die Wapad afgestaan het.**

**Tweedens aan al daardie persone buite die redaksie wat goedgunstiglik bydraes vir Die Wapad gelewer het.**

**Derdens aan Piet Fotokuns, sonder wie se kosbare hulp Die Wapad onvermydelik sou misluk het weens gebrek aan foto's. Die puik gehalte van die foto's dwarsdeur die jaar is genoegsame bewys van sy bydrae.**

**Laastens, maar allermins die minste aan Enslins die Drukkers. Sonder hulle tegemoetkomendheid, hulp en belangstelling kon Die Wapad nooit 'n sukses wees nie, en sou dit ook nie sulke lof ingeoes het vir die tegniese versorging daarvan as wat dit die afgelope aantal jare reeds in die studentekoerantkompetisie kry nie.**

**TOM LARNEY.**

## Beeldhouwerke word uitgestal

Die Potchefstroomse tak van die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging nooi almal vriendelik na die uitstalling van skilderye deur Nico van Rensburg in samewerking met Die Galery Johannesburg, en beeldhouwerke deur J. Petro van der Walt vanaf 27 September tot 5 Oktober in die Kunslokaal van die Frans du Toitgebou by die P.U. vir C.H.O.

Die opening word waargeneem deur prof. G. Dekker, voorsitter van die Kunsvereniging op 27 September om 7.00 nm.

Gedurende die uitstalling sal sjerrie en snoeperye bedien word.

## Prof. skryf hoofstuk vir Amerikaanse boek

Prof. C. P. van der Walt, hoof van die departement Staatsleer aan die P.U., het 'n uitnodiging ontvang om 'n hoofstuk oor die Suid-Afrikaanse politiek by te dra vir 'n versamelwerk wat in Amerika deur die Cornell University Press gepubliseer gaan word oor The Culture of the Republic of South Africa.

Soortgelyke werke oor Frankryk, Kanada, Australië en Nieu-Seeland het reeds verskyn.

# Saterdag is lentefees!

**'n Fees is 'n geleentheid waarby gebeurtenis gevier word. Dit is 'n geleentheid waarby die deelnemers hulle verplaas na 'n ander wêreld. In daardie wêreld is daar nie plek vir passiwiteit nie, maar 'n volle oorgawe van die program waarmee gepoog word om die doel te bereik. Die doel in die sin, dat die gebeurtenis op 'n waardige wyse gevier word.**

So 'n fees word op Saterdag 28 September by Boskopdam gehou. Dit is die jaarlikse Lentefees wat vanjaar op 'n besondere wyse aangebied word. Dit is die eerste aksie wat geloods word deur die nuwe A.O.B. Die aand word in samewerking met die A.B.K.K. 'n konsert om 7.30 nm. in die Totiussaal aangebied. Die leërgimnasiumkoor- en orkes tree op. Vyf en veertig lotelinge word die oggend deur die universiteit geneem en die middag sluit hulle by die Lentefees aan.

**PROBLEME**


Die gebeurtenis wat gevier word is die koms van die lente na 'n koue winter . . . Wat 'n heerlike gebeurtenis is dit nie. Kom verbeet u persoonlike probleme, verplaas u na die ander wêreld en neem deel met 'n volle oorgawe aan die program.

## Foto's nie Fotokuns se skuld

**Mnr. Piet van Maarleveld, eienaar van Fotokuns, het ons gevra om lesers daarop te wys dat die gehalte van foto's in Die Besembos van 1968 nie aan sy deur gelê moet word nie.**

**Die gehalte van die foto's deur Fotokuns wat deur die jaar in Die Wapad verskyn het, is beter weergawes van sy werk.**

AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS



BULT-APTEEK

ONS SPESIALISEER IN

GESKENKE
POTTEBAKKERY
JUWELE
KOPERWARE

TOMSTRAAT 88B & C

FOON 5943, 3377

**GROSVENOR MOTORS**

Lombardst. 47, Kerkst. 69,
Telefoon 4351/2/3.
POTCHEFSTROOM.

**GEMAGTIGDE FORDHANDELAARS**

ANGLIA — CORTINA
CORSAIR — ZEPHYR
ZODIAC — FAIRLANE
en
GALAXIE
Asook:
**VESPA**
en
**LAMBRETTA**
BROMPONIES

**SKOENREPARASIES**
en
**FIETSREPARASIES**
VIR FLINKE DIENS
kom na:
**HUIS EN TUIN**
(Langs Volkskas).

**GISELA MAIWALD**

*Fotograaf en Fotografiese dienste.*
TOMSTRAAT 100
POTCHEFSTROOM

*Vir al u*

APTEKERS- EN FOTOGRAFIESE BENODIGDHEDE

*Besoek:*

**APTEKERS J. P. VAN DER WALT**
(EDMS.) BPK.

Kerkstraat 118,
Telefoon 3237,
POTCHEFSTROOM.

**LINDEQUE**
**Skoenreparasies**
— Octron-gebou —
*Twee depots op Bult:*
BULT DROOGSKOONMAKERS
WESTVAAL DROOGSKOONMAKERS
Spesiale pryse vir studente.
Aflewering op die Kampus.

Met komplimente van
**A J A X**
(Edms.) Bpk.
BOEKE —
SKRYFBEHOEFTES

**die WAPAD**

DONDERDAG 26 SEPTEMBER 1968

# Die Wapad

Een van die terreine wat hom die moeilikste laat afbaken is die van die studentekoerant. Is hy 'n nuusblad waarvoor die vereistes wat vir 'n nuusblad geld, ook in groot mate kan geld, of is dit 'n ,,studenteblad'' wat hom glad nie hoef te steur aan al sulke vereistes nie? Is dit mondstuk van die Studenteraad of sy opposisie- Genoeg vrae om te antwoord inderdaad.

Die Wapad van 1968 se doel was om diens te lewer (wat nie so 'n cliché is as wat baie mense dink nie). Deur as nuusblad op te tree oor gebeurtenisse op hierdie en ander kampusse, deur gebeurtenisse op die kampus te propageer, deur te pleit vir sekere sake, en deur die Pukke die geleentheid te gee om hul sê te sê, het hy sy deel probeer bydra tot 'n beter studentelewe.

Hoe goed hy daarin geslaag het, laat ons oor aan meer bevoegde mense om oor te oordeel.

# Lente

Een van die minder aangename kenmerke van die akademiese jaar in Suid-Afrika is dat dit nou juis so gereël moet wees dat die aanbreek van die lente in sy volle glorie ook die begin van bloktyd en eksamens (wat, sover dit ons betref, met minder glorie bedeel is) aandui.

En by gebrek aan die moontlikheid om die akademiese jaar te verander, word die bykomende las op die student se skouers gelê om hierdie twee teenstrydighede te versoen. En omdat ons nie bra geneë voel om te sitstaak daaroor nie, aanvaar ons dit maar gedwee.

Daarom; moet tog maar nie die glimlag vergeet nie.

**REDAKSIE**

*Hoofredakteur*: Tom Larney.
*Nuusredaktrise*: Rika van Graan (Tel. 2069).
*Nuusverslaggeefsters*: Rika van der Walt, Elsabe Smuts, Ellen Botha, Winnie Venter.
*Sportredakteur*: Piet Coetzer (Tel. 2171).
*Sportverslaggewers*: Louis van Wijck, Danie Mostert.
*Kunsredaktrise*: Rinda van der Walt (Tel. 2069).
*Tegniesebestuurder*: Hans Grobler.
*Advertensiebestuurder*: Nic Lessing.
*Sirkulasiebestuurders*: Kobus du Plessis, Tinus Jacobsz.

**KERSGESKENKE**

*Nee, ek praat nie onsin nie: handel hierdie sakies voor die vakansie af.*

*Mag ek raadgee? Gee iets persoonliks, iets wat karakter het.*

*'n Foto van jouself byvoorbeeld, ek bedoel nou 'n goeie een, 'n foto soos FOTOKUNS hulle maak.*

# In U Lig

Jna 1:6 ,,Wat makeer jou dat jy so vas slaap.''

Ons belewe 'n tyd van storm en drang soos Jona toe hy op die see was.

Die vraag is nou of ons wakker is terwyl die storm woed?

Laat ons sien! Jona is tipe van die slapende sondaar.

Met reg het die skeepskaptein hom gevra: ,,Wat makeer jou dat jy so vas slaap? Jona was ongehoorsaam aan die roeping van God. In opstand teen God het hy weggevlug. Toe hy 'n plekkie op die skip gekry het, het hy dadelik slaap geval omdat sy gewete aan die slaap geraak het. Sy natuurlike slaap het in nouste verband gestaan met sy geestelike slaap. Die een is gevolg van die ander. Die sonde ontsien niemand nie. Ook die vroomste kind van God, as hy sondig, word deur die krag van die sonde oorweldig. Soos bedwelmende drank verduister dit die verstand. Die sluier val vir hom oor die wêreld van die werklikheid. Alle versigtigheid is weg. Die storms kan maar woed. Wat sou 'n slapende hom daaroor bekommer? Die gevaar waaraan hy nou nie gedink het nie was die God wat agter al hierdie dinge sit. Alleen hy wat in hierdie tyd van woelinge en oproer met God rekening hou is geestelik wakker.

Wat is die werke van die sonde ontsettend!

Die sonde werk ongevoeligheid gevare wat rondom die slapende is laat hom koud. As hy wakker was sou ook Jona besef dat hy in gevaar verkeer.

God verwag van ons dat ons moet nugter wees en waak. Hoe baie van ons, veral ook ons jeug, is in die tyd van onrus en oproer vas aan die slaap.

Die besoldiging van die slaap, van die sonde is die dood. Sondaar! Wat makeer jou dat jy so vas slaap as die sonde woed, die onheil dreig?

Biddende aandag is die kenmerk van elkeen wat wakker is. Dit is nie genoeg om net kennis te neem van die dinge wat daagliks gebeur nie. Ook die toorn van die lewende God moet daarin gesien word. Die ware gevaar moet gesien en ontvlug word. Ons vrees die storm, maar dit is nie die grootste gevaar nie. Hom moet ons vrees wat die liggaam kan verderf en die siel in die hel werp. Ons is begaan oor die onrus, oor die gevolge daarvan. As ons wakker is sal die vraag by ons opkom: Wat is die doel en oogmerk van Hom wat alles regeer, met hierdie woedende storm. Die gebed van elkeen wat nie vas slaap nie, sal ook nou wees: Laat u naam geheilig word! Laat u Koninkryk kom!

Wat slaap jy so vas, staan op, roep tot God.

# - Deur My Lens -

Hierdie tyd van die jaar is beslis die mooiste deel van die driehonderd-vyf-en-sestig dae wat ons gewoonlik tot ons beskikking het. Die son se warm strale dwing die bome tot lewe en rondom ons ontvou 'n vriendelike groen. Die gesig van 'n klompie asters, jeugtig en fyn en pragtig in hul somerrokkies, waar hulle onder die lowergroen eikebome in Tomstraat afstap, is 'n beter metode om my ou versteende hart te vervang met 'n nuwe jong een as enigiets wat Chris Barnard ooit sal uitvind.

**VERHOUDING**

Daar is egter een ding wat my pla, behalwe nou die swart ironie van die akademie in hierdie groen tyd van die jaar, en dit is die verhouding tussen ons mans en dames. Gewoonlik word die sosiale sy opgedeel in dames aan die een kant en mans aan die ander kant, maar ons het daarin geslaag om 'n nuwe indeling te maak, naamlik slepers en non-slepers. Verstaan my goed, ek wil nie beweer dat sleep nie mooi en goed is nie, maar waar die twee hulle sodanig afsonder in 'n wêreldjie van hul eie ('n wêreldjie wat so klein is dat daar net nie meer plek is vir ander groter verbande nie) dan moet ons breë studentelewe daaronder ly. Sal dit 'n reeds mooi verhouding nie nog ryker maak as die tweetjies ook voel dat hulle deel is van 'n groter geheel, dit is die wêreld van student-wees, nie.

Verder wil ek in die algemeen die dames skuld gee vir die feit dat vas-sleep hier op die kampus al feitlik 'n statussimbool geword het. Party sleep vas net om vas te sleep en sodat daar nie langer vingers na hulle gewys kan word as nie-vasslepers nie. Hierdie vassleep-storie het die mans so bang dat 'n groepie mans selde die vrymoedigheid sal hê om sommer Saterdagoggend drie dames te bel en hulle te skiet vir 'n fliek die aand. Baie dames sal so iets waardeer, en nou wil ek die ander deel van die skuld op die mans pak en vir hulle vra: Is julle te bang om so 'n avontuurlike stap te waag?

**SPONTANER**

Ek glo ons kan 'n aangenamer, spontaner en selfs unieke mans-dames-verhouding hier op die Puk kweek. Mans, waar is julle insiatief? Dames, waar is julle jeugdheid?

Graag wil ek ook 'n opmerking maak oor ons kleurbaadjie. Ek, in al my subjektiwiteit, dink ons het die heel mooiste kleurbaadjie en dan is daar ook soveel simboliek aan 'n universiteitskleurbaadjie verbonde dat 'n hele boek daarmee gevul kan word. Hoekom word hier so min kleurbaadjies op die kampus gesien? Meer nog: Hoekom besit so min Pukke kleurbaadjies? Ek sal toegee dat die handboekeksamen so teoreties is dat dit nie tot sy reg kom nie (moontlik slaan die nuwe S.R. 'n meer praktiese koers in met 'n meer aktuele eksamenvrastel) maar vir die kleurbaadjie om enige waarde te hê moet daar 'n bietjie vir dit opgeoffer word. Laat ons meer waarde heg aan

(Vervolg op bladsy 6)

# FRANSE TAAL DRA BY TOT AFRIKA-EENHEID: AFGEVAARDIGDE

**„In Afrika speel die Franse taal 'n groot rol as kommunikasiemiddel en as sulks is dit 'n faktor wat bydra tot eenheid", het mnr. Joseph Le Grand, algemene afgevaardigde van die Allianie Francaise in Suid-Afrika, gesê tydens die viering van die tiende bestaansjaar van die Cercle Francaise de Potchefstroom.**

Mnr. Le Grand het die ontstaan en ontwikkeling van die Franse taal kortliks geskets en gewys op die belangrikheid daarvan as instrument waarmee die kultuur uitgedra word.

**KULTURELE ROL**

Die kulturele rol wat die Franse taal in Afrika speel, kan in twee fases verdeel word en hang nou saam met kolonialisme.

Van die 19e eeu tot omstreeks 1950 was 'n tydperk van Franse kolonialisme in Noord- en Ekwatoriaal Afrika. Die Franse het hul hier toegelê op die vorming van 'n beperkte kulturele elite, bv. deur opleiding van onderwysers. Die keerpunt van kolonialisme was die onafhanklikheidsbeweging na omstreeks 1950 en hiermee saam het die elitegroep ook gegroei, sodat Frans 'n praktiese medium vir kommunikasie geword het tussen honderde taal en dialekgroepe in Noord-Afrika.

**HEILDRONK**

Tydens die feesmaal het prof. Bingle 'n heildronk ingestel op die Cercle Francaise. Die Konsulgeneraal van Frankryk in Suid-Afrika het op sy beurt weer 'n heildronk ingestel op die Staatspresident.

Mej. E. J. Heyns, verbonde aan die Konservatorium, het gesorg vir Franse liedere en die verrigtinge is heel gepas afgesluit met „Die Marseillaise".

Die verjaarsdagviering is bygewoon deur belangrike kultureleen handelsverteenwoordigers. Boodskappe van gelukwense is ontvang van persone in en buite Suid-Afrika — selfs uit New York.

**VERHEUG**

Mnr. Justinard was verheug oor die geleentheid waar lede van die Franse kring bymekaar kon wees. Hierin het Potchefstroom 'n voorbeeld gestel.

## *Oosterhowwer tot balie toegelaat*

Weereens het die vrou bewys dat sy nie vir die man agteruit hoef te staan nie!

'n Oud Puk, mej: Beatrice Lombard het in Augustus die stelling bevestig toe sy in die Hooggeregshof in Pretoria tot die Balie toegelaat is.

**HOOFDAME**


Die 23-jarige mej. Lombard is 'n aanklaer in die jeughof in Johannesburg en het verlede jaar haar LL.B.-graad aan die Puk behaal. Sy was ook gedurende 1966 hoofdame van Oosterhof.

## Kovsies gaan Basoetos help

Volgens dr. B. R. Roberts, hoof van die departement van Weidingstudie en voorsitter van die Landbouvereniging by die Universiteit van die Oranje Vrystaat, onderhandel studente met die regering van Lesotho oor hulp en leiding aan die land in die landbou.

Die hulpprogram is nog nie opgestel nie daar die regering van Lesotho eers moet vasstel waar die beste bydrae aan die land gelewer kan word.

Die gedagte het, volgens mnr. V. du Plessis, S.R.-Voorsitter, by die Raad ontstaan.




# AARDRYKSKUNDE GAAN NUWE GEBOU KRY

**Die Departement Aardrykskunde en Beplanning is sedert die begin van 1968 onder die naam bekend, het prof. van der Merwe, hoof van die Departement in 'n onderhoud verklaar.**

Hy het verder ook gesê dat die departement hopelik in 1970 na 'n nuwe gebou saam met Geologie sal verhuis. Die gebou sal opgerig word tussen die Hoofgebou en De Klerkhuis.

Vanjaar is daar ook reeds begin met 'n honneursgraad in Regionale Bodemkunde en aanstaande jaar word daar ook begin met 'n honneurskursus in Fisiese Chemie en Bodemkunde.

**BEHOEFTE**

Prof. van der Merwe het verder verklaar dat daar 'n groot behoefte aan bodemkundiges is en dat die Departement Aardrykskunde hierdie leemte wil oorbrug. Daar gaan ook van die Aardrykskunde en Beplanningstudente saam met die Geskiedenistoer aan die einde van die jaar. Hulle sal agt lande besoek en ook besoeke aan museums bring om ou kaarte te besigtig.

Die student sal aandag gee aan die geografie van Europa byvoorbeeld die Alpe, die Rynvallei en die Po-delta.

# NUWE ROMAN IS VOL SPANNING: SKRYWER

„Die nuwe roman is gelaai met spanning, is hartsogtelik en brutaal, wat 'n geheim was, word by die naam genoem en met nadruk geopenbaar, die erotiek is sonder skaamte", het dr. P. H. Dubois op 'n byeenkoms van die Vereniging vir Taal en Letterkunde gesê. Volgens hom het die groot romans uit die literatuurgeskiedenis hulle belangrikheid te danke aan die erns waarmee die skrywers gepoog het om vrae te beantwoord. Die skepping van 'n verbeelde waarheid wat gelykwaardig is aan die feitelike waarheid is volgens hom 'n belangrike funksie van die roman.

**AVONTUUR**

Die avontuur van die moderne romanheld is dikwels die avontuur van opstand teen God en teen die vele valse gode van die maatskappy.

Dr. Dubois meen dat die nuwe roman 'n beeld van die mens weerspieël wat wel waar is, maar onvolledig.

Dr. Dubois is op besoek in Suid-Afrika kragtens die Suid-Afrikaanse-Nederlandse kultuurverdrag. Hy word deur sy eggenote vergesel.

## Inougurele rede deur De Beer

Prof. J. F. de Beer van die Departement Fisika het onlangs sy inougurelerede gelewer oor die plek van kosmiese strale in die Fisika.

Prof. De Beer is aan die begin van 1952 benoem as tydelike lektor in die departement Fisika, en het in 1960 die D.Sc.-graad in Fisika met onderskeiding behaal.

## Wetenskaplikes stig tak

'n Stigtingsvergadering van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Natuurwetenskap is op Maandag 19 Augustus in die Alex Holm-saal van die Landbou Kollege gehou.

Die vergadering is toegespreek deur prof. D. J. J. Potgieter, voorsitter van die vereniging.

## *Doktorsgraad vir dierkundige*

Dr. W. J. van Aardt, Senior Lektor in Dierkunde aan die P.U. vir C.H.O., het verlede Vrydag sy doktorsgraad in Dierkunde cum laude aan die Vrije Universiteit, Amsterdam, verwerf. Sy promoter was die bekende prof. dr. J. Lever.

**DIERFISIOLOOG**

Dr. Van Aardt was vier jaar in Holland waar hy hom as eksperimentele dierefisioloog bekwaam het. Sy navorsingswerk het hoofsaaklik gehandel oor die waterhuishouding van varswaterslakke, 'n gebied wat nou verwant is aan die Bilharzianavorsing, wat in die plaaslike Instituut vir Dierkundige Navorsing gedoen word.

Dr. en mev. Van Aardt keer teen die einde van September na die Republiek terug saam met prof. en mev. J. A. van Eeden, wat 'n internasionale malakologiese kongres in Wenen, Oostenryk, bygewoon het. Prof. Van Eeden, hoof van die Departement Dierkunde aan die P.U. het ook die promosieplegtigheid van dr. Van Aardt in Amsterdam, bygewoon.

# GROOT DINGE AAN DIE KOM VIR EEUFEESJAAR

**Vroeg in volgende jaar vier die Potchefstroomse Universiteit en die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk sy honderdste verjaarsdag.**

Om sy eerste eeufees te herdenk het die universiteit besluit op 'n reeks feeste wat saam sal val met die opening van die universiteit in Februarie aanstaande jaar.

Elke fakulteit is verantwoordelik vir die organisasie van 'n simposium of seminaar wat toegespreek sal word deur gesaghebbendes van oorsee.

**APRIL**

Volgens 'n verslag beloof April om die besigste maand in die universiteit se geskiedenis te wees. Verskeie simposiums sal gehou word deur die fakulteite Ekonomiese Wetenskappe en die departemente van Ontwikkeling en Biblioteekdienste. Dit sal gevolg word deur 'n seminaar vir dienende predikante.

Sestien departemente van die fakulteit vir Natuurwetenskappe sal 'n tentoonstelling in Augustus hou.

**HOOGTEPUNT**

Die feesvieringe sal sy hoogtepunt bereik in Oktober wanneer 'n spesiale gradeplegtigheid, waartydens eregrade toegeken sal word, sal plaasvind. Die maand sal ook tyd inruim vir verskeie musiekkonserte.

## *TRANSVAAL GEE BEURSE*

**'n Aankondiging dat 'n groot aantal nuwe beurse vir die onderskeie studierigtings van volgende jaar af aan voornemende onderwysers beskikbaar sal wees, is deur die administrateur van Transvaal, mnr. S. G. van Niekerk, gedoen.**

**Die beurse sal toegeken word aan kandidate nadat hulle prestasies en studierigtings wat hulle wil volg, bekend is.**



## Boekbespreking:

# *Versdrama oor Trichardt-trek van D. J. Opperman*

***D. J. OPPERMAN: VOËLVRY, HUMAN EN ROUSSEAU, KAAPSTAD — PRETORIA, 1968.**

**Sonder om te bespiegel oor die genealogie van Voëlvry* is dit vir die belangstellende in die volle bestaan van die literêre werk tog interessant dat daardie slot wat die grondslag vorm van die sobere maar singelaaide en ontroerende gedig CLAT BOEK, nou hierdie nuwe gestalte aangeneem het, naamlik 'n versdrama wat op die titelblad genoem word „kroniekspel van 'n voortrek". Hierdie nuwe vormgewing is 'n demonstrasie van die waarheid van daardie woorde wat 'n mens in die slotsonnet van die Brandaanreeks lees:**

„Die waarheid word nie deur die vuur verbrand
maar lewe in die hart se kaggel voort
en sal daar rook en smeul, maar eindelik brand
en onverwags uitflikker in die woord".

Sover ek kon vasstel, is die feitelike basis van die drama histories korrek, byvoorbeeld die persone, gebeure, ruimtelike situering. Dit is byvoorbeeld so dat Trigardt, volgens sy dagboek, vir Alback en sy basters apart laat hou het, en in Opperman se kroniekspel is dit juis een van die Fransman se verwyte aan die trekleier dat hy en die syne uitgestoot word. Maar getrouheid aan geskiedkundige data waarborg esteties nog niks — dit is die deurskouing, vertolking en woordkunstige vormgewing wat van belang is, die artistieke versmelting van feit en verdigting. Met ander woorde: die kreatiewe ingryp van die kunstenaar op sy materiaal. Belangrik is egter dat so 'n kardinale aspek van die dramastruktuur, naamlik die vertrekpunt van Opperman se tema „. . . . ons is wel vry, maar ook voëlvry verklaar . . ." wat uitloop op die simboliek en die hedendaagse toepaslikheid, kontroleerbaar waar is.

Trigardt se voëlvryverklaring word deur historici soos Walker en Theal geboekstaaf: Sir Harry Smith het 'n prys op Trigardt se hoof geplaas, hoewel Preller die beskuldigings (vergelyk Voëlvry bls. 16) as ongegrond beskou.

**VERSKIL**

Opperman se nuwe versdrama verskil sterk van Periandros van Korinthe en Vergelegen: weliswaar gebruik hy weer eens historiese boustof, en ook Trigardt oorheers die handeling, is 'n figuur op die drumpel van 'n nuwe tyd, iemand wat inderdaad 'n deurbraak wil maak, maar die stofgegewe lê soveel nader aan die hede; en die gestileerde, byna ritueelagtige vormgewing wat betref bedryf, toneel en paarsgewys rymende lang reëls van byna skandeerbare ritme is hier ingeruil vir 'n losser kroniekstruktuur met 'n oënskynlik „prosaïeser" vers dit wil sê een wat van 'n poëties yler tekstuur is, en wat 'n heel besondere beweging het. In werklikheid skep Opperman hier sy eie blankvers, 'n soort vers verwantskap openbaar met vele gedigte in Dolosse.

Op twee sake moet 'n mens dus dadelik let: wat die drama wil wees, en hoe sy vorm (veral die versaard) integraal deel is, of gegroei het, uit die gegewe en opset. Veral ten opsigte van die vers is daar myns insiens 'n treffende dramatiese noodsaak.

**DELE**

Die stuk bestaan uit 'n voorspel, gevolg deur twee lang dele, elk opgebou uit korter „toniele" of „episodes", wat mekaar snel opvolg, en wel deur middel van gemaklike oorgange. Byvoorbeeld: in 'n toneel sal daar sprake wees van die jongmense, en direk daarna volg 'n veraanskouliking van wat die jongmense aan die doen is (vergelyk bv. bls. 66).

In die voorspel hoor Louis Trigardt in meer as letterlike sin die roep van die doodsvoël, en hy probeer sin gee aan die verlede, sy trek en opofferinge. In die daaropvolgende dele word dan die tydperk by die Soutpansberg en die laaste trek na die Portugese fort dramaties gerekapituleer.

Dit is bepaald 'n vinding van die dramaturg — en in ooreenstemming met Opperman se opvatting van die kunstenaarsstuk — om die sin van Trigardt se trek te verbeeld, aangebied as die insig van die sterwende leier wanneer hy terugblik tydens hierdie uur van waarheid. Op die wyse is daar nou 'n besondere seleksie en rangskikking en vertolking van gegewens. En daarby kan die profetiese visie van Trigardt aan daardie gebeure ook 'n moderne aktualiteit verleen op volkome aanvaarbare wyse. Reeds in die voorspel word die worstelende Trigardt 'n Jobsfiguur, 'n tipering wat al hoe sterker word met die ontplooiing van die handeling.

Hierdie dimensieverdieping gee verder draagwydte aan sy woorde en omvang aan sy lot.

**AKSIERADIUS**

**'n Mens moet ingedagte hou dat die stuk in opdrag van KRUIK vir die Republiekfees geskryf is, en so 'n opdraagstuk moet begryplikerwys 'n groter aksieradius hê as 'n blote weergawe van geskiedkundige feitlikhede.**

In die aangesig van Trigardt se dood en nadat feitlik die hele trekkergeselskap uitgesterf het na soveel louterende ontberinge wat sy meegemaak het, is dit dramaties aanvaarbaar dat Antjie Scheepers kan sê:

**Nee, Lewies. Ons word deur dieper drif**
**gedryf, soos 'n voël verveer, 'n slang vervel.**
**Ons voorgeslagte het die vaderland**
**van Hollander, Duitser en Fransman verlaat**
**en hier 'n nuwe volk geword. Ons weer het**
**die Kaapkolonie van ons afgeskud.**
**Republiek word is 'n strewe van die gees,**
**ewig om voor God skoon en vry te wees.**

**SLOT**

Dieselfde geld vir die woorde van Trigardt aan die slot wat aansluit by die voorspel:

**Ons volk is in die wêreld voëlvry verklaar —**
**kyk hoeveel gewere is daar om ons heen,**
**ook die Here se onsienlike krygstuig.**

Die grondplan van die drama dui op die afsluiting, afronding, van 'n lewe en 'n tydperk, maar uit die dramatiese heskepping van die stof groei ook op „natuurlike" wyse die betekenis daarvan, selfs vir die huidige tyd.

**P. D. VAN DER WALT.**



Die vermaerde Afrikaanse toneelspeelster Mathilda Hanekom, in gesprek met mnr. Theuns Botha, hoof van die departement Spraakleer en Drama, tydens haar besoek aan die P.U. — Foto: Fotokuns.

# Mathilda Hanekom besoek die P.U.

**Potchefstroomers het die afgelope week vir die derde keer die geleentheid gehad om die P.U.-kamertoneel te besoek. Op Woensdagaand 4 September was Mathilda Hanekom („onthou asseblief, ek is Tannie Magda") die kunstenares, en het sy die gehoor aan haar voete gehad met die staaltjies uit die vroeë dae van die Suid-Afrikaanse toneel.**

Heel voor het sy begin: by die stigting van die eerste professionele Afrikaanse geselskap deur haar Oom Hendrik (Doom) Hanekom. Sy praat van mense wat vir ons al storieboekkarakters geword het, asof hulle vanoggend nog saam met haar opgetree het in OOM GAWERJAL SE DOGTERS EN DIE STEMREGKOORS.

**HUMOR**

Hier is daar ook spatseltjies humor, want humor is dit inderdaad, in die tradisionele sin van lag met 'n traan: Oom Hendrik wat te ordentlik is om 'n handige leutjie te vertel en dan moet sy maar oorneem, die depressiejare toe die geselskap in die veld geslaap het en druiwe probeer bekom het onder die subtiele voorwendsel dat hulle die blare vir verhoogversiering benodig; die gehore se geamuseerdheid oor die tragiese held met die ontragiese naam van Gert Borstlap, wat later die onvergeetlike André geword het.

En dan, natuurlik, „Darling, moenie vergeet van die Rooms Katolieke paartie nie" — die begin van 'n seisoen wat sal voortleef in die annale van die Afrikaanse toneel: die Suidwestoer waartydens Oom Hendrik, Paul Kruger en sy Tant Siena vertolk het. Aan die einde van so 'n opvoering het 'n bejaarde dame in die gehoor 'n papiersakkie met eiers aan „Tant Siena" oorhandig, met die versoek dat dit vir die president gekook moet word, want „Ag ou Nig Siena, ek weet nie of my president van hardgekookte of saggekookte eiers hou nie . . !"

**SJARME**

So volg een lewendige episode na die ander, nog meer lewend gemaak deur die immer jeugdige sjarme van een van ons oudste lewende toneelkunstenare: Mathilda Hanekom. Geen wonder dan ook dat sy telkens in haar vertelling onderbreek is deur luide toejuiging uit die gehoor nie.

# Plaaslike kunstenaars stal werke hier uit

**Weer eens sal die Potchefstromers die geleentheid hê om een van hul plaaslike kunstenaars se werke in die Kunslokaal van die Frans du Toit-gebou vanaf 27 September tot 5 Oktober te besigtig.**

Mnr. Petro van der Walt, hooftegniese beampte van die Departement Fisika aan die P.U., stal van sy werke uit saam met 'n oud-kunsonderwyser van Volkskool, mnr. Nico van Rensburg, tans verbonde aan die Johannesburgse Kunsskool.

Mnr. Van Rensburg het Potchefstroomse stof aan die einde van 1964 van sy voete afgeskop en sedertdien het hy ook baie suksesvolle uitstallings gehou. Sy werke het ook sedert daardie tyd baie verander, hulle is baie abstrak en figuratief.

Petro van der Walt is in 1929 in Paul-Pietersburg gebore en het sy kunsstokperdjie op 19-jarige ouderdom begin. Hy lê hom hoofsaaklik toe op vorm en atmosfeer.

**GEEN OPLEIDING**

Hy het die B.Sc.-graad aan die Universiteit van Pretoria verwerf en het geen opleiding in kuns ontvang nie. Hy het sedert sy aankoms hier heelparty uitstallings hier gehou en in 1963 het hy die tweede plek gedeel in 'n kompetisie deur galery 101 en die Franse lugredery U.T.A.

Op die uitstalling sal van sy brons, kunshars en houtkunswerke te sien wees. Die bronswerke is ekspressionisties van aard en die houtwerke is vloeien en vormgewend van aard.

**SALON**

Daar is gereeld van mnr. Van der Walt se werke te sien op die jaarlikse Salon vir Plaaslike kunstenaars aan die P.U. vir C.H.O., en dit is die tweede keer wat hy en mnr. Van Rensburg saam uitstal.

# *Die Radio is 'n wonderlike ding sê joernalis*

„Radio word die totaliteits-medium in massakommunikasie genoem. Dit is allesomvattend en die onmiddellikste medium. Dit is intiem en oombliklik. Die radio beantwoord aan wederkerigheid en onderlinge geestesverkeer", het mnr. Jannie Kruger 'n oud-joernalis van Johannesburg by geleentheid van die vergadering van die Werksgemeenskap van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns wat op 20 Augustus op Potchefstroom plaasgevind het.

**GEHULDIG**

Mnr. Kruger wat as gasspreker opgetree het, is by die geleentheid gehuldig vir sy bydrae tot die bevordering van Afrikaans op die gebied van die joernalistiek.

Hy het gepraat oor die invloed en uitwerking van moderne massakommunikasie media, en daarop gewys dat kommunikasie mededeling 'n wedersydse mededeling is waarvan spraak steeds die universele vorm is.


**TRUST APTEEK**


TRUST BANK-SENTRUM,

TEL. 7116.

★ *Geskenke*
★ *Pottebakkery*
★ *Fotografiese*
★ *benodigdhede.*

**Ons vriendelikheid en diens is u waarborg.**

*AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS.*



Hierdie treffende foto van die stoep van die Hoofgebou is geneem deur Fotokuns.

# Almal kan seëls versamel: Professor

**„Die voordeel wat posseëlversameling inhou, is dat elke persoon daaraan kan deelneem", het prof. A. J. E. Sorgdrager, Direkteur van die Instituut vir Administratiewe Outomatisasie, in 'n onderhoud met ons verslaggewer gesê.**

As 'n baie bekende en entoesiastiese seëlversamelaar het hy egter geen bekendstelling nodig nie want oor 'n tydperk van plus minus dertig jaar en selfs meer het hy sy merk op die gebied gemaak, en is hy die trotse besitter van volledige stelle van seëls van Holland en sy oorseese gebiede, Ierland en Spaanse Marokko.

Verlede jaar het hy met sukses sy versameling oor Nederland op die ELPEX-tentoonstelling uitgestal en in dieselfde jaar verower hy die wisseltrofee van die Mooirivier-posseëlklub met die versameling van die Nederlandse Antille.

**IERLAND**

Vanjaar sal sy versameling oor Ierland se onafhanklikheid op ELPEX '68 te sien wees vanaf 16 tot 18 Oktober te Oos Londen gehou sal word. Sy uitstalling sal in Afrikaans wees, dit is volledig en absoluut op datum en hy staan in 'n baie goeie kans om die louere in die afdeling in te oes.

Op die internasionale posseëluitstalling word voorsiening gemaak vir senior en junior versamelings, dit sal dan ook tot aansporing van die jeug dien om 'n meer lewende belangstelling te ontwikkel. In die junior-afdeling neem Bert, seun van prof. Sorgdrager aan die algemene afdeling van die tentoonstelling deel. Hy is nou in standerd twee maar toon reeds 'n lewende belangstelling in sy stokperdjie.

## Krieketmanne het baie moed

Die Puk se krieketspelers het baie moed vir die seisoen wat voorlê. Hulle voorsien 'n sterk span van kolwers sowel as boulers. Dit lyk asof daar ook baie meer geesdrif oor die algemeen jeens die sport op die kampus is.


Daar word met lof van die bane gepraat en die afrigting onder Rodney Cass behoort dinge ook beter as verlede jaar te laat verloop. Die krieketklub het sy vleuels ook oor die skole in Potchefstroom uitgestrek en hoër- en laerskole word reeds afgerig.

**WEDSTRYDE**

Daar lê 'n besige tyd vir die klub voor en baie belangrike wedstryde. Onder andere is daar op 28 Oktober 'n wedstryd teen 'n elftal van U.O.V.S. op die Oude Molen asook 'n wedstryd op 10 Oktober teen die Witsies in Johannesburg.

BOUQUET
BLOEMISTE,
STADSENTRUM.
Tel. 6575.

# Verlief Verloof Verlore?



Uitgesmyt . . ja uitgesmyt, so gaan dit met julle oues-van-dae, nou is ek nie meer goed nie! Wel, ons weet darem mos almal dat die swartste hen die witste eiers lê . . . maar my sê wil ek sê al is dit ook nou net t o t s i e n s seê Maar voordat sekere mense dink hulle is los, hier het ek 'n verrassing vir hulle . . . ja, 'n verrassing sê ek . . . wie wil nou nie grag darem eenmaal sy naam in ons ou nederige studenteblaadjie onder oë neem nie? Om 'n lang storie kort te maak, sal ek nou eers by die geliefde verliefdes begin, ja, julle weet mos die voorloper van die verloof en verlorenes. Ek wil sommer hoog begin vanaand . . Ben de Klerk sekondeer dat dit baie beter is om met Juliana Ras kontrak te maak as met die A.S.B., want die probleme is soveel minder?

Mensig, maar so 'n Bea darem . . . julle weet ek wonder wie gaan haar nog eendag in die 800 meter klop . . . al wat ek kan sê, is dat HY baie goed sal moet wees. Ons sal ongelukkig nie ons afgetrede voorsitter se hulp kan inroep nie want . . sy wedloop met Kiekie van der Bijl is nog nie voleindig nie. Faans, Faans Steyn, ai ja, Rita Buys glo nou al aan die formule vir die afgelope twee jaar (a rolling stone gathers no moss). Thea Els is ook nog nie imuun teen die Cyrril Kebur-formule nie.

Tiena, Tiena, Hartlam van my, (2X), ja dit is hierdie refrein van Casper Krüger wat veroorsaak het dat Tiena Viljoen haar verblyf met nog 'n jaar op die Puk verleng. Petro Coertzen en Louis Kruger=?

**SOETER**

Alta Pretorius sê dat die soet so na die smart net baie soeter is, en wie is die suikerklontjie . . . Deon Jurgens, Farmasie IV natuurlik! Nog 'n apteker, finale jaar, Huiskom in O.deV. nl. Frans Nel, is nie net 'n kranige paaltjiewagter nie maar hy verbrou ook geen vangkanse nie waar dit by die hart van sy Judith Wessels kom nie. Salome Cronje se hart trek sommer met so 'n negentig grade punt na Brakpan, Johan is die teenoorgestelde pool. Trrrrrr . . . ja, so gaan dit deesdae in onse Sandra Coetzer se kop, en wie maak so . . . niemand anders as Jan Groenewald nie. Susan Schutte sê haar Pieter Lourens swot buitemuurs maar hulle sleep binnemuurs. .

Herrie, wate de merrie met jou mousterbaaik? Ja-nee, Jacoba van der Walt sal dit aak naderhand begin vra? Hy sê hy sleep nog lekker. Mossie, maar man, dit is Elza Badenhorst se wagwoord. Ja, dan is hier vir jou 'n snaakse spelling . . . Basjan Jakobsz, hoe klink dit gekombineer met Settie? Stienie Roestof sê dit sou beter gewees het as die week twee dae lank was en die naweek ses . . . dan sou mens mos meer kon doen, maar dit is nou maar net Danie Fourie wat haar so oor die naweke laat voel.

**JAKARANDAS**

Ai, ek het gedink die totsiens gaan kort wees, maar die mense sal mos nie tevrede wees . . Emmie Snyman vertel dat die Jakarandas gedurig Kobus van der Walt se naam na haar fluister — een of ander tyd sal sy moet gehoor gee. Lenie Pottas sê sy is nog baie gelukkig met haar onderwyser, Org, veral dat hy nou bo die broodlyn is. Klein Koos Schoeman sleep glo knaend met Maria du Toit — oppas dit maak 'n mens gou oud Kosie! Susan Brand se Gerry (lw. word met 'n Y gespel) Coetzee . . ag laat ek oorstap na die verloofdes.

Marietjie du Preez en Gertjie Strijdom het weer eens bewys dat ou liefde nie roes as mens water bygooi nie — diamante ook nie. Reinette du Plessis sê dit sal baie beter wees om vir Herman Muller gratis skool te hou of moet ek sê huishou? Verlede Saterdagaand het hy die huurkoopkontrak geteken en loskom is nou min, sy sit nou met so 'n macleansglinstering aan haar vinger. Hartswater — ja, daar's water, Hennie van Biljon het nou verhoed dat sy Willemientjie de Beer verskrik raak hier tussen ons manne. Attie Labuschagne het ook nou met behulp van Sterns Alida Fi . . . swaar woord . . . ek dink na alles sal Labuschagne minder verwarring skep. Ja, Ilse Underhay se Ander-hy het nie verniet kom kuier nie — sy is amper meer stralend as die klip aan haar vinger.

**VOORNEMENDES**

Nou vrinne, die laaste maar nie die minste nie . . . dis tog nie totsiens nie, ons voornemendes, die wat groot dinge vir die vakansie beplan, ons wens hulle sterkte toe Elsie Siemens en Danie Brand, hy het glo solank die boerdery gaan agtermekaar kry. Ansie Koole en Albert du Plessis gaan saam „article". Janette Lessing gaan die vakansie met 'n lied in die hart tegemoet . . Pieter gaan sy belofte nakom. Corita Venter en Koos du Plooy sê 'n vakansie saam sal baie lekkerder wees! Nina du Plessis voel ook nou dat haar Danie ook nie meer so veilig is alleen nie — beskerming . . . nee, hy sal haar onder sy vleuels neem. Daphne van Staden sê nie nog 'n jaar langer nie — al moet sy nou die broodwinner wees, Daphne jy sal nou moet verskoon maar ek het so verskrik/verstrek geraak tussen al hierdie name . . . laat weet gerus wat is sy naam.

En nou mense, is dit my onaangename taak om aan julle die betreurendswaardige, hartsorgtelike nuus mee te deel dat ek julle nou vir die laaste maal groet en dat dit ook die laaste aflewering van ons geliefde Verlief, Verloof, Verlore was en ek wil julle bedank vir julle vriendelike samewerking en verdraagsaamheid en hoop dat julle lekker sal sleep op die ou spykerbanke van onse geliefde Puk. Ai, ek voel nou soos 'n Violette wat afskeid neem van haar Alfredo!

ADIEU ! ! -

# Pukke hardloop mooi vir S.A.

George Müldner en Gawie van Eck, die Puk se twee landloopatlete wat verlede week vir die Suid-Afrikaanse landloopspan teen Rhodesië deelgeneem het, het hulle goed van hulle taak gekwyt.

**HITTE**

In die wedloop oor 7½ myl wat in bloedige hitte plaasgevind het, en waarin die Rhodesiër Bernard Dzoma geseëvier het, het Müldner en Van Eck onderskeidelik die agste en negende plekke behaal. Hiermee het hulle 'n groot aandeel gehad in Suid-Afrika se oorwinning van 31—47.

Fanie van Zijl wat ook oorspronklik in die Suid-Afrikaanse span ingesluit was, moes hom weens 'n voetbesering onttrek en is deur sy spanmaat George Müldner vervang.

# So het die spanne gevaar:


**Onderstaande is die finale stand van die spanne in 1968 se koshuisliga:**

| SPAN | S | W | V | G | V | T | Pte. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Liberalia A | 18 | 16 | 1 | 1 | 231 | 32 | 33 |
| Dorp A | 18 | 16 | 2 | 0 | 212 | 57 | 32 |
| Makouvlei A | 18 | 12 | 4 | 2 | 135 | 89 | 26 |
| Thaba Jah. | 18 | 9 | 6 | 3 | 159 | 100 | 21 |
| O.D.V.N. | 18 | 9 | 7 | 2 | 150 | 132 | 20 |
| Kompleks | 18 | 8 | 7 | 2 | 106 | 120 | 18 |
| Makouvlei B | 18 | 3 | 15 | 0 | 63 | 210 | 10 |
| Dorp B | 18 | 8 | 10 | 0 | 64 | 121 | 8 |
| O.D.V.S. | 18 | 2 | 14 | 2 | 57 | 210 | 6 |
| Liberalia B | 18 | 0 | 16 | 2 | 32 | 154 | 6 |

Die Wapad word gedruk deur Enslins die Drukkers, Potgieterstraat 31, Potchefstroom, vir die uitgewers, die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O.

J. A. VAN DER WALT & KIE
(EDMS.) BPK.
(Direkteure: J. A. van der Walt, P. G. van der Walt).
Boekhouers, Sekretarisse, Assuransie- en Belastingadviseurs en Algemene Agente.
Vir puik gehalte tikwerk, afrolwerk en fotostatiese afdrukke van belangrike dokumente.
TELEFOON: Kantoor 5796, Woning 7326,
Posbus 913, Stadsentrum 118.

INSLEEP!
WAARHEEN ALMAL SLEEP
Koshuisbestellings: 6039



# GROOT DINGE VOOR DIE DEUR VIR ATLETE

**Atletiek op die P.U. het die afgelope seisoen tot groot hoogtes gestyg, en van die P.U.-atletiekklub met sy vyf Springbokke kan nog baie verwag word.**

Op 5 Oktober is daar 'n groot byeenkoms waarheen al die Noordelike Universiteite genooi word asook al die Kolleges en die Weermag. Dit sal 'n ope geleentheid wees wat nie op spanbasis maar wel op individuele basis gaan geskied.

Volgende jaar op 29 Maart word die honderdjarige bestaan van die Puk gevier en tesame daarmee word 'n groot gedenkbyeenkoms gehou. Al die beste atlete oor die land sal genooi word om deel te neem.

**ARTIKEL**

Verlede week het Die Huisgenoot 'n kleurfoto-artikel oor die atletiek op die Puk en hulle oefenmetodes opgestel en daar word volgende week begin met 'n film oor die Universiteit wat ook baie oor die atletiek en prestasies van die Puk se atlete sal bevat.

'n Plaaslike motorsaak het die Universiteit genader en vervoer aangebied na en van die dorp sodat die kinders wat in Potchefstroom bly ook die geleentheid kan kry om in die vakansies atletiek-afrigting te kry.

Daar is reeds van die Hoërskoolleerlinge wat afrigting op die Puk ontvang onder leiding van Springbok Jan Barnard en mnr. Gert Scholtz. Mnr. Piet Malan, direkteur van die Sportinstituut rig 'n uitnodiging aan al die skoolatlete om Potchefstroom wat ekstra afrigting nodig het, om van hierdie uitnodiging gebruik te maak.

'n Paar van die Puk se atlete saam met hulle afrigter, Jan Barnard, by die oefenapparaat wat onlangs deur die Sportinstituut aangekoop is. — Foto: Fotokuns.

# LIBERALIA DRA LOUERE WEG IN KOSHUISKOMPETISIE

**Die rugbyseisoen het pas afgeloop en so ook die nuut ingestelde koshuisliga. Ons het vanjaar 'n meedoeënlose stryd beleef tussen vyftien uitsoek spanne van die P.U. Die span wat die louere ingeoes het, was die ligte spannetjie van Liberalia wat dwarsdeur die seisoen aantreklike en oop rugby opgedis het. Liberalia kan met reg daarop roem dat hul vanjaar die fiksste span in die kompetisie was.**

Met slegs negentig inwoners waaruit twee spanne saamgestel moes word het hul geslaag om met drie trofeë weg te loop, nl. die Pieter Malan-wisseltrofee wat aan hul toegeken is as die span wat die beste en mooiste rugby gespeel het gedurende die 1968 seisoen. Verder het hul, nadat die onder23-span ontbind is, ingespring en die Wes-Transvaal derde liga beker vir die P.U. huistoe gebring. Laastens natuurlik die swaar verdiende koshuisliga-beker.

Hierdie sukses word deur die manne van Liberalia aan verskillende faktore toegeskryf, waarvan die uitmuntende spangees seker die mees belangrike is. 'n Verdere faktor was die uitstaande afrigting en bystand wat hul van die breier, Mnr. Hans de Lange, ontvang het. Sy groot bydrae was dat hy die „ons moet wen" gedagte vervang het met „ons gaan hardloop en oop rugby speel". Laaste maar nie die minste nie was die uitstekende leierskap van die kaptein en onder-kaptein Tokkie Marais en Dawie Jacobs.

**PUNTE**

Vir die rekordboeke: die span het vanjaar in 20 wedstryde 300 punte aangeteken, waarvan meer as driekwart deur die agterspelers, wat nog 'n getuigskrif is van aanvallende rugby. Die meeste drieë is aangeteken deur Manie Grobler wat sewentien gedruk het met Jan de Kock kort op sy hakke met dertien. Die meeste punte is aangeteken deur Gerrie van Rooyen, nl. ses-en-sewentig. Liberalia se opponente kon slegs vier drieë aanteken.

Hier aan die einde van hierdie seisoen het Liberalia se B-span getoon waar daar van gees gepraat kan word, toe hul met 'n eindpoging vorendag gekom het wat etlike ander A-spanne benoude oomblikke besorg het. Daar moet ook melding gemaak word van die besielende ondersteuning wat by elke wedstryd van die ander inwoners ondervind is en dit was seer sekerlik ook dit wat die manne telkens daardie ekstra bietjie laat uithaal het.

**OOPGEGAAN**

Mnr. de Lange het gesê dat vanjaar ook vir die P.U. rugby m.b.t. die koshuisrugby 'n nuwe aantal moontlikhede oopgegaan het en wel daarin dat baie nuwe talent ontdek, ingelyf en ontwikkel is om volgende jaar 'n suksesvolle seniorspan te hê. Tokkie Marais, die kaptein, het die hoop uitgespreek dat wat die manne vanjaar in Liberalia se span geleer het, volgende jaar met sukses en toewyding aangewend sal word deur die kêrels wat dan die eerste en tweede span sal haal.



Liberlala se eerste rugbyspan, wat bo uitgekom het in die interkoshuisrugbyliga die afgelope seisoen.

**PRO REGE-PERS BPK.**

*bied u die geleentheid van die jaar.*

Fantastiese afslag op:
★ STUDIEBOEKE
★ BOEKE VIR ONTSPANNING

50% vir verkope op rekening
PLUS
'n verdere 10% vir Kontant.

Tomstraat. Telefoon 3421.
POTCHEFSTROOM.

*Cachet Modes*

(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92 Telefoon 5032

POTCHEFSTROOM

— Ons hou alles aan wat dames benodig —

**Nuwe voorrade van rokke en nogwat word gedurig uitgestal.**

# AFRIGTINGSKURSUS HIER GEHOU

**Die doel van die Wes-Transvaalse somersportafrigtingskursus is om beter standaarde daar te stel en 'n gevoel tussen die verskillende soorte somersport te bewerkstellig, het mnr. Basson, sekretaris van die Departement van Sport- en Ontspanning in 'n onderhoud met die S.A.U.K. gesê.**

Die kursus vind by die Potchefstroomse Universiteit plaas vanaf 7 tot 10 Oktober en dit sluit sportsoorte soos krieket, tennis, swem, atletiek en judo in.

Bekende figure wat reeds 'n merk op hulle terrein gemaak het, sal ook hier optree, waaronder Bob Campbell, Fred Macullem, Gert Potgieter, Kaptein John Short, Jan Barnard, Bob Mark en Russell Seymour en andere.

**BEGINNERS**

Dit sal 'n standaardkursus vir beginners in die geweste wees wat ook dan meer voorsiening maak vir latere meer gespesialiseerdheid.

Verder het die mnr. Basson daarop gewys dat die kursusfooie gedeeltelik gedek word en deels deur die kursusfooie gedek word en deels deur die Departement van Sport- en Ontspanning gesubsideer word.

## Deur My Lens

(Vervolg van bladsy 2)

ons kleurbaadjie sodat dit as onderskeidingsteken tot sy reg kan kom. (Een van die dae gaan ek vir my ook 'n baadjie koop, nes ek geld kry).

**SLAGSPREUK**

Slagspreuk vir die week: Kyk ieder 'n man waterpas in die oë: jou vader was ook 'n man; maar haal jou hoed vir 'n vrou af, want jou moeder was 'n vrou. (Langenhoven).

Tot ons weer gesels,

Reflektor.

*„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."*

Turkstra

te kry by u kafeteria.